Heil die leser

Die Diakonie van GK Centurion (GKC) het 'n "groet en ontmoet" uitstappie na GK Ramotse gereël. Op Sondag 13 Oktober 2024 het vier van GKC se diakens en twee lidmate van GK Rietvallei die oggend-erediens daar bygewoon en daarna met die ampsdraers van die plaaslike gemeente vergader.

Nadat 'n ouderling die "voor-diens" gelei het (en ook met die besoekers in Afrikaans gepraat het), het Ds Nkoana begin deur die gemeente oor die vorige Sondag se prediking uit te vra.

Die preek van die dag was deel van 'n reeks oor dissipelskap en die Woord is voorgelees uit Joh 6:60-71, met die tema: Jesus spreek lewe. Die preek is in Sepedi en Engels gelewer en die besoekers kon dit maklik volg. Alhoewel die liedere vir ons onbekend is, was die gereelde lofsang pragtig en meesleurend om na te luister.

Na afloop van die diens het Ds Nkoana tussen die gemeentelede gaan sit en hulle (en die besoekers) uitgevra oor wat hulle dié dag getref het uit die Woord en die verkondiging daarvan. Daar was entoesiastiese deelname vanuit die gemeente.

Nadat die gemeente die kerkgebou verlaat het, is tafels en stoele reggesit vir 'n vergadering tussen die besoekers, GK Ramotse se diakens en 'n paar senior ouderlinge. Almal teenwoordig is om die beurt aan die vergadering voorgestel en daar is vertel van die geskiedenis van diakonale werk in die gemeente en ook die wyke te Carousel View en Maubane. Op die oomblik is daar slegs drie diakens, wat hoofsaaklik met insameling van die offergawes gemoeid is. Daar is egter 'n klompie jong manne wat "in opleiding" is en daar bestaan dus 'n groot behoefte vir toepaslike toerusting vir die breër ampswerk.

Daar is behoefte aan heelwat hulp wat as tegnies van aard beskryf kan word, maar daar is ook deurgaans van Ramotse se ampsdraers se kant af genoem hoe belangrik uitreik en betrokkenheid vanaf die ander (Pretoria) diakonieë vir hulle is. Daar is toe ook dadelik afspraak gemaak om voor volgende Paasfees weer besoek af te lê, spesifiek om 'n werkswinkel te hou oor die werk van die diaken. Ook is daar besoeke van Ramotse diakens aan diakonieë in Pretoria in die vooruitsig gestel.

Wat praktiese projekte betref, die plaaslike kerkraad het hulle dank uitgespreek teenoor die Klassis Pretoria-Suidwes diakonieë vir hulle hulp, finansieel en andersins, met die

oprigting van die nuwe klaskamers. Verder is daar afgespreek om vroeg in November met die installasie van die rekenaarnetwerk en internetverbinding te begin, waarna 'n aantal rekenaars wat as skenkings van ander gemeentes ontvang is, in die kantore opgestel sal word. Daar sal ook 'n basiese boekhoustelsel ontplooi word en opleiding in die gebruik daarvan en ook mbt internet-bankwese sal, in-persoon en aanlyn, aan die betrokke diakens en ander kundige lidmate gegee word.

Daar word ook gevra vir hulp (fondse, maar ook kundige raad) tov projekte soos die uitbreiding van die fasiliteite by Carousel View, die beplanting van die groentetuine, die moontlike aankoop van 'n groot stuk grond net wes van die Ramotse kerkterrein, hulp met aspekte rondom regulatoriese voldoening, verkryging en voorbereiding van geskikte materiaal vir die kinders van die Sondagskool en naskool, studiehulp-materiaal (ook vir skoliere in hoër grade), Christelike materiaal (boeke, tydskrifte en video/films) vir gebruik in en om die kerkgebou, en vele ander geleenthede om die uitbou van die Here se kerk te bevorder.

Daar is regtig 'n groot behoefte aan meer betrokkenheid vanuit die ander gemeentes van die groter streek.

'n Vinnige toer rondom die kerkgebou het getoon dat die nuwe klaskamers en kantore (aan die noordekant van die terrein) en die nuwe groentetuin (aan die westekant) byna gereed is vir gebruik en dat die stuk grond wat voorberei is om as grasperk vir die kinders van die naskool te dien (noordoostekant), reg is om beplant te word. Op die oomblik is daar egter 'n groot water krisis op Ramotse en almal bid vir reën.

Die plan was om ook die Carousel View kerkgebou te besoek om te sien hoe die aanbouings daar vorder, maar nadat verversings saam genuttig is, was dit al baie laat en het die besoekers huiswaarts gekeer.

Groete in Christus